# PROBLEME UIT DIE SENIOR SILLABUS

## BUITEPARLEMENTêRE BEDRYWIGHEDE

In die nuwe Geskiedenisleerplan standerd 10 (Hoër Graad) kom 'n besondere eienaardigheid voor. By die tema SUID-AFRIKA (1934-1948) onder die afdeling *Na-oorlogse binnelandse vraagstukke* word bepaal dat die verskynsel van buiteparlementêre bedrywighede behandel moet word. Dit is om twee redes eienaardig. Eerstens omdat die begrip buiteparlementêr 'n vae begrip is wat omtrent enigiets kan behels en waaroor die leerplan geen duidelikheid bied nie. Tweedens word dit nie by een van die ander temas of tydperke uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingesluit nie. Wil dit impliseer dat buiteparlementêre bedrywighede òf nie in die ander tydperke bestaan het nie òf nie belangrik genoeg geag is nie? As 'n mens dink aan gebeure soos die Rebellie, die stakings van 1907, 1913 en 1922 en die talle buiteparlementêre organisasies en aksies ná 1948 is die weglating uiters vreemd.

Dit gaan egter nie in hierdie artikel oor die probleem van die weglating nie, maar oor die vraag wat sou die opstellers bedoel met die begrip buiteparlementêre bedrywighede en watter bedrywighede sou hulle spesifiek in die tydperk 1934 tot 1948 in gedagte gehad het. As 'n mens daarop let dat dié berywighede onder die subhoof *Na-oorlogse binnelandse vraagstukke* geplaas is, is die bedoeling des te duister. Dit wat hulle vermoedelik daaronder in gedagte gehad het, kan nòg tot die na-oorlogse tydperk nòg as 'n vraagstuk in eie reg geklassifiseer word. Dit het per slot van sake maar 'n aspek gevorm van die belangrike vraagstuk van politieke regte en aspirasies en 'n konstitusionele bestel wat daardie regte en aspirasies kon huisves.

Om die aard van buiteparlementêre bedrywighede enigsins nader te kan tipeer, is dit nodig om na 'n groot aantal politieke aksies en bewegings te kyk wat op een of ander wyse daarop gerig is om politieke besluitneming buite die parlement te beïnvloed of te bepaal. Daar moet ook gelet word op die rol van verset, demonstrasies, simbolisme, verskillende vorme van geweld en 'n verskeidenheid nie-geweldadige aksies. Almal vind buite die parlement plaas, maar sal almal as buiteparlementêre berywighede beskou kan word?

Binne die kader van die normale parlementêre aksies onderskei ons drie soorte organisasies wat 'n belangrike rol in besluitneming speel: politieke organisasies belangegroepe en drukgroepe. Politieke organisasies, soos politieke partye en hulle stutorganisasies, neem regstreeks aan die politieke proses deel.

Hulle formuleer beleid oor aktuele vraagstukke en probeer kiesers se steun daarvoor mobiliseer. Daardie steun word veral by die stembus gesoek, maar verwante stutorganisasies speel 'n belangrike rol om breë steun vir spesifieke beleidsake te werf. Belangegroepe organiseer mense oor die totale spektrum van openbare aktiwiteite en belange en sal bloot toevallig by politieke aktualiteite van die dag betrokke raak wanneer die belang, of 'n aspek van die belang, wat hulle verteenwoordig, in die politieke arena betrek raak. Wanneer belangegroepe hulle daarop toespits om regeringsbeleid oor 'n bepaalde saak te beïnvloed, word hulle 'n drukgroep. Drukgroepe het 'n duidelik geartikuleerde beleid wat hulle graag deur die regering aangeneem en toegepas wil sien. Belangegroepe kan per geleentheid as drukgroepe optree, maar drukgroepe is hoofsaaklik op politieke aksies deur middel van die parlementêre proses gerig.

Sake-organisasies is 'n goeie voorbeeld van 'n belangegroep wat 'n drukgroep word wanneer hulle spesifiek teen die sosialistiese beleid van 'n regering standpunt inneem.
Sake-organisasies is 'n goeie voorbeeld van 'n belangegroep wat 'n drukgroep word wanneer hulle spesifiek teen die sosialistiese beleid van 'n regering standpunt inneem.
Kultuurorganisasies is soortgelyk wanneer hulle hulle in 'n politieke stryd vir 'n bepaalde beleid ten opsigte van byvoorbeeld die onderwys of die taal beywer. Dit maak egter nie van hierdie organisasies buiteparlementêre bewegings nie. Hulle aanvaar die parlement as die enigste plek waar beleid gemaak kan word en hulle politieke mobilisering deur, òf in alliansie met, 'n politieke party doen. In die meeste demokratiese lande moet politieke partye kragtens wet registreer en aan bepaalde voorskrifte en vereistes voldoen om aan verkiesings te kan meedoen.

Die aard van buiteparlementêre aktiwiteite word nog moeiliker wanneer daarna gekyk word in die konteks van die verskynsel van direkte aksie op 'n verskeidenheid terreine. Dit impliseer regstreeks optrede op straat of in openbare plekke en die prysgawe van die proses van politieke steunwerwing deur politieke en parlementêre kanale. Dit neem verskillende vorme aan. Reeds teen die einde van die neëntiende en begin van die twintigste eeu het anargiste en sindikaliste veral in Frankryk die idee van nasionale stakings of sporadiese spontane stakings as instrument ontwikkel om hulle verset teen of eise vir iets duidelik tuis te bring. Mahatma Gandhi se passiewe, nie-gewelddadige verset was die voorloper van wat later

ontwikkel het as burgerlike ongehoorsaamheid. Waar Gandhi op reuse vreedsame betogings gekonsentreer het, is laasgenoemde gerig op die doelbewuste maar nie-gewelddadige openbare oortreding van 'n ongewilde wet. Die doel is om die staat en die polisie tot teenoptrede uit te lok.

Ander vorme van sodanige nie-gewelddadige protes en verset is vandag algemeen bekend. In die vroeë vyftigerjare het die vredesbeweging wat teen kernwapens gekant was, met die reuseoptogte in die paasnaweek, postering by kernnvorsingseenhede, blokkering van missielbasisse en oortredings by lugmagbasisse dit van stapel gestuur. Dit is hierdie patroon in die sestigerjare met die studentebetogings met sy "sit-in", die plakkerbeweging met sy onwettige intrek neem in onbewoonde eenhede, die sportbetogings met die besetting van sportvelde en die burgerregte-agitasie wat doelbewus plekke wat net vir blankes gereserveer was, gaan beset het, nagevolg is. Al hierdie aktiwiteite was meer as net vorme van protes. Dit was duidelik op politieke aksie gemik. Tog kan dit nie as buiteparlementêr bestempel word nie, want die parlementêre stelsel is as sodanig nie verwerp nie. Trouens hulle aksies was juis daarop gemik om die parlement en die openbare mening tot meer simpatie vir en ondersteuning van hulle strewes aan te moedig.

Vorme van geweld as protes is 'n buiteparlementêre optrede wat spesiale aandag verdien. Terreurdade deur klein maar vreeslose militante groepe is dikwels eerder daarop gemik om aandag te trek en publisiteit vir hulle saak te kry as wat dit op 'n politieke beleid gerig is. Dit is gewoonlik die voorloper van terrorisme wat daarop gemik is om te intimideer, vrees in te boesem en op daardie wyse 'n bepaalde magsbasis te skep vanwaar die geweld in groter omvang voortgesit kan word. Terrorisme is inderdaad die twintigste-eeuse metode om 'n rewolusie te loods. Wanneer 'n magsbasis binnelands nie geskep kan word nie, word gesoek na 'n simpatiekgesinde buitelandse moonheid van wie se grondgebied die terreuraanvalle geloods kan word. Die klassieke voorbeeld is steeds die wyse waarop die Palestynse Bevrydingsorganisasie vanaf grondgebied van Arabiese lande die stryd teen Israel voer.

'n Staatsgreep impliseer 'n magsoorname met behulp van die Leër. Dit berus op die militêre doeltreffendheid van die samesweerders en op die vraag of die grootste deel van die weermag aan die regering lojaal gaan bly of die leiers van die staatsgreep gaan steun. Die houding van topoffisiere is in 'n goed georganiseerde weermag van deurslaggewende belang. Deur 'n staatsgreep word die regering met behulp van die weermag omvergewerp en word 'n nuwe bewind - gewoonlik 'n militêre regering - daargestel.

In hoe 'n mate kan al hierdie vorme van verset, opstand, geweld en pogings om mag te bekom as vorme van buiteparlementêre optrede beskou word? Daar is reeds daarop gewys dat sommige vorme van verset eerder op publisiteit om meer steun te mobiliseer gemik is, en nie op ontwrigting, destabilisering of magsoorname nie. Hulle glo dus steeds dat die uiteindelike proses van verandering deur die parlement moet geskied. Buiteparlementêre optrede is ter sprake wanneer die parlement as sodanig as 'n struikelbok gesien word en daar geen hoop of begeerte is om langs daardie weg veranderinge aan te bring nie. Dit kan geskied omdat die voorstanders van sodanige optrede weinig hoop het om 'n meerderheid te bekom en hulle in alle geval die meerderheidsbeginsel van die demokratiese stelsel nie steun nie. Dit is dikwels ook 'n geval dat die ondersteuners van die buiteparlementêre optrede uitgesluit is van effektiewe demokratiese deelname aan die politieke proses.

Teen die agtergrond van hierdie uiteensetting is die vraag nou watter vorme van buiteparlementêre optrede het tussen 1934 en 1948 in Suid-Afrika bestaan. Vóór 1934 was daar die Rebellie van 1914 en die stakings van 1907, 1913 en 1922. Ná 1948 was daar die boikotte, proteste en aksies van burgerlike ongehoorsaamheid wat deur die kongresbewegings teen die apartheidswetgewing georganiseer is. Bewegings soos die Torch Commando en die Swart Serpbeweging is ander voorbeelde. Sedert 1970 is die voorbeelde talryk; die ANC en die ander kongresbewegings en organisasies wat ondergronds bestaan, die UDF, die AWB en talle meer.

Stakings as 'n vorm van direkte aksie kan kwalik as 'n vorm van buiteparlementêre bedrywigheid bestempel word. Die staking is selde op regstreekse politieke eise gerig en het meesal met vergoeding en werksomstandighede te doen. In die onderhawige tydperk was daar die staking van 1946 toe 70 000 Swart mynwerkers op 4 Augustus gestaak het vanweë 'n loongeskil met die Kamer van Mynwese.

'n Tweede moontlikheid wat oorweeg moet word, is die aktiwiteite van die Ossewa-Brandwag, die Nuwe Orde en die Gryshemde, bewegings wat ná die oorlog nie meer van betekenis was nie. Van die drie het die Gryshemde uit die staanspoor die parlementere proses soos in die Britse parlementêre stelsel verteenwoordig verwerp. Hulle was voorstanders van 'n gesagstaat wat aan parlementarisme net lippediens bewys het. Die Nuwe Orde van Oswald Pirow was ook ondersteuners van 'n staatsvorm waarin die parlement veel minder betekenis sou hê. Maar hulle het aan die verkiesing van 1943 deelgeneem en kan dus kwalik as 'n buiteparlementêre aksie beskryf word.

Die Ossewa-Brandwag wat as 'n kultuurorganisasie begin het en op 'n paramilitêre grondslag georganiseer was, het sy eie militêre vleuel, die Stormjaers, gehad. Aanvanklik was die OB bereid om hom nie op die politieke terrein te begeef nie, soos uit die sogenaamde Cradock-ooreenkoms met die Nasionale Party geblyk het. Die OB het egter nie hierdie ooreenkoms gestand gedoen nie, en na die breuk met die Nasionale Party in November 1941, al hoe meer 'n buiteparlementêre politieke rol gespeel. Dit was veral daarop gemik om deur magsdemonstrasies, en selfs enkele dade van terreur, hulle teenkanting teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreloorlog te demonstreer in die hoop dat hulle die regering tot neutralisme kon beweeg. Hulle het ook gepoog om hulle model-grondwet vir 'n republiek te propageer as alternatief vir die bestaande orde in Suid-Afrika. Hoewel dié grondwet nie as anti-parlementêr in die gewone sin van die woord beskryf kan word nie, was dit 'n stelsel wat nie politieke partye sou toelaat nie en waar die gesag van die parlement ook beperk sou wees. Dr. D.F. Malan het alle verbintenisse met die OB verbreek en tussen 1942 en 1945 het 'n heftige politieke stryd tussen die twee gewoed.

In die Swart, Bruin- en Indiërpolitiek was die situasie netso ingewikkeld omdat sommige politieke organisasies verbintenisse met die parlementêre stelsel gehad het, of dit minstens ondersteun het en die parlement as die kanaal beskou het waardeur hulle uiteindelik volle politieke regte moes verwerf.

Die verset teen genl. Hertzog se wetgewing van 1936 om Swart kiesers op 'n aparte kieserslys te plaas met blanke verteenwoordiging in die Parlement en die stigting van die Naturelle Verteenwoordigende Raad het heelwat politieke verset uitgelok wat noodwendig buite die parlement geloods is omdat hulle geen verteenwoordigers in die parlement gehad het nie. Die ANC, die *Cape Native Voters Convention,*

oorblyfsels van die *Industrial Commercial Union*, adviesliggame en waaksaamheidskomitees het almal aksies geloods om die regering van sy beleid te laat afsien. 'n *All African Convention* is in Desember 1935 in Bloemfontein gehou. In Maart 1938 het die ANC, die SAKP, die kommunisties-geinspireerde *National Liberation League* en ander organisasies saamgespan om die *Non-European United Front* te stig. Maar laasgenoemde het aan die verkiesing van 1938 deelgeneem en as sodanig dus die parlementêre stelsel ondersteun.

In 1943 het die ANC in sy *Bill of Rights* die afskaffing van alle diskriminerende maatreëls en die toekenning van sy stemreg ongeag ras geëis. Met die stigting van sy *ANC Youth League* in 1943-44 het 'n beweging binne die ANC, wat nie vir die klassieke liberale model van die *Bill of Rights* te vinde was nie, momentum begin kry. Hulle het sterker op 'n eksklusiewe Swart benadering met 'n sterk leierselement wat as elite die mag moes uitoefen, begin aandring.

Onder die Kleurlinge het die *African Peoples Organisation* na die dood van dr Abdurahman in 1940 sy invloed verloor. Die opkoms van die twee mededingende politieke bewegings die *Anto-CAD* (wat gekant was teen die instelling van 'n afsonderlike Departement Kleurlingsake) en die Kleurling-adviesraad die besondere probleem beklemtoon waarmee die Kleurlingleiers geworstel het. In watter mate moes hulle bereid wees om met die regering saam te werk? In Indiër geledere was dit weer veral die *Natal Indian Congress* en die *Transvaal Indian Congress* wat as doelbewuste buite-parlementêre aksiegroepe opgetree het.

In die blanke geledere kon buiteparlementêre groepe niks bereik nie omdat die invloed en ondersteuning van gevestigde politieke partye te sterk was. In nie-blanke geledere kon ook nie veel meer as proteste en boikotaksies met geen werklike sukses nie, geloods word nie. Die politieke bewegings in hulle geledere was tot 'n klein elite beperk wat nie die massa kon betrek nie. Die gebrek aan eenheid as gevolg van die versplinterde politieke groepe het betekenisvolle aksie onmoontlik gemaak. In alle geval was die regering van die dag gereed om sy mag te gebruik om sondanige aksies vroegtydig te smoor.

Die gebruik van die term buiteparlementêr om al die genoemde bewegings in te sluit, is twyfelagtig. Die feit dat van hulle wel op bepaalde wyses binne die parlementêre proses gewerk het, maak die gebruik van die benaming lastig. 'n Omskrywing soos politieke groepe en organisasies in Suid-Afrika sou waarskynlik meer korrek gewees het.